

Donderdag 28 Februarie

Skrifgedeelte: Numeri 36:1-13

Fokusgedeelte: Numeri 36:7

'n Onvervreembare erfdeel

'n Geveg oor grondgebied is vir ons niks vreemds nie. Ook in ons eie land en tydgleuf in die geskiedenis ken ons dit goed.

Vir die Israeliete was hierdie voorsiening van grond ook 'n besondere manier waarop die Here vir hulle gesorg het, waar daaglikse brood verbou kon word. En uit die beginsel van die hersteljaar (vs 4) is dit duidelik dat hierdie sorg oor generasies heen strek. 'n Seun het dan ook sy vader se grond geërf en só het dit in die familie gebly.

Selofgad (Num. 26:33) het egter geen seuns nie. Dit is wat die bekommernis in Numeri 36 veroorsaak. Sy dogters wil nou weet of sy grondgebied maar deel gaan word van 'n ander stam? Maar dit is ook hier waar die Here genade bewys, want solank die dogters van Selofgad getrou aan die Here in hulle stamverband trou, sal hulle grond nie vervreem nie.

Ons is ook erfgename van God (vgl. Rom. 8:17). En ons is nie hierdie erfgename omdat ons getrou gebly het aan die opdragte van die Here nie. Inteendeel, ons oortree steeds daaglik die opdragte van die Here. Maar die Gees getuig in ons dat ons kinders van God is en daarom saam met Christus erfgename. Net soos die dogters van Selofgad 'n onvervreembare erfdeel van die Here ontvang, ontvang ons vandag ook 'n onvervreembare erfdeel. 'n Onverganklike, onbesmette en onverwelklike erfenis wat in die hemel ook vir ons in bewaring gehou word (vgl. 1 Pet. 1:4).

Sing: Psalm 33-1:1, 6

Ds. FR Pretorius (Franscois) (Phalaborwa)